

Inhoud Preek Humanisme gelykstelling eer diens minag. Hierdie preek wys hoe goddeloses God minag as die Here wat sy kinders liefhet en goddeloses haat. Hulle maak Hom die god wie van alles en almal hou, maar nie liefhet of haat nie. So maak hulle God die nuttelose god van die godlose wêreld, wat hulle vir hulself verbeel waarin god se wil nie meer bepaal wat sonde en diens is nie. Hulle mag om alles tot hul voordeel te gebruik as reg te glo en God die oorsprong van onreg maak, is totaal. Hulle wil kinders van God die liefde van God ontnem deur God se offer vir sondes nutteloos te maak. Hulle wil dat kinders van God hulle self van God se liefde sal vervreem.

Skriflesing Maleagi 1: 1 – 3, 6 – 7, 9; 2: 10, 17; 3: 13 – 18. Galasiërs 4: 4 – 7.

Teks Maleagi 3: 17 b, 18: “Ek sal goed wees vir hulle, soos iemand goed is vir sy seun wat vir hom werk. Dan sal hulle weer die verskil sien tussen wie goed doen en wie goddeloos is, tussen wie My dien en wie my nie dien nie.

Tema God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer

1. Ons leef werklik in 'n gemeenskap waar die gemeenskap en ook die kerke nie meer die verskil wil raaksien tussen goddeloses en dienaars van God nie. Alles en almal word geestelik gelykgestel. Die onderskeid tussen goddeloses en kinders van God word weggeneem en mag nie meer gemaak word nie.

Dit is die nuwe geloofsbelydenis van die Israeliete in die tyd van Maleagi: “Vir die Here is almal wat verkeerd doen, goeie mense.” Hierdie is die nuwe verdraaide evangelie. Die geloofsbelydenis: “God vergeef sondaars deur die offer wat Hy gee” is vervang met hierdie nuwe geloofsbelydenis: “Vir die Here is almal wat verkeerd doen, goeie mense.”

Met hierdie nuwe geloofsbelydenis wys Israel as volk van die Here hulle diep minagting vir sy liefde vir hulle as kinders. U mag nie Maleagi verkeerd lees nie! Hier is God besig om met sy kinders in sy liefde te praat, kinders wie Hy insluit in sy liefde. God is nie hier besig om te veroordeel, te vervloek of te straf nie. Hy kom en spreek sy kinders in sy liefde aan om hulle vir sy liefde te behou.

Hulle, egter het 'n diep minagting gekry vir sy liefde omdat hy as God 'n onderskeid maak tussen wie Hy lief het en wie Hy haat.

2. Dit is hoe God Hom met die eerste verse van hierdie boek openbaar: “Ek het julle lief, sê die Here, ... Esau was tog Jakob se broer, sê die Here, en tog het Ek Jakob liefgehad en vir Esau gehaat.” (1: 2).

God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer

Die geweldige ironie is dat die volk Israel se woede en aggressie teen hierdie uitverkiesende liefde van God is, terwyl hulle dié is wat God gekies het om lief te hê. Hierdie woede teen God se liefde vir hulle en sy haat teen goddelose wys in die wyse waarop hulle god elke keer antwoord in God se gesprek waarin Hy hulle in sy liefde aanspreek.

God verklaar sy liefde vir hulle in een sin: “Ek het julle lief.” (1:2) Hierdie is nie net ’n versugting in God of ’n aanbod nie. Dit is wie God in sy verbondstrou vir hulle is en wat Hy met hulle doen. Hy is lief vir hulle as sy kinders en Hy sluit hulle in sy liefde in. Hulle reageer op god se liefdesverklaring só: “Hoe het U ons lief?” Daar kan nie ’n meer minagtende verwerping van verklaarde liefde wees as met hierdie teenverklaring nie: “Hoe het u ons lief?” Met hierdie stelling in vraagvorm sê Israel vir God dat Hy moet verduidelik hoe Hy só verklaring kan maak. Hy moet bewys hoe Hy só verklaring kan maak! Hulle eis van God rekenskap hoekom Hy só iets kan en wil sê, in plaas daarvan om sy liefde te glo en te aanvaar.

Die uitdagende eis van rekenskap hoe God só liefdesverklaring teenoor hulle kan maak!

Stel u enige ander menslike situasie voor waar iemand só reageer op ’n verklaring van liefde: “Ek het jou lief” met die antwoord: “Hoe het jy my lief?” Dit is nie ’n eis om rekenskap te gee nie. Dit is die verwerping van liefde!

3. Wanneer God dan op hierdie minagtende verwerping van sy liefde Israel aanspreek: “Julle behandel My met minagting”(1: 7) reageer hulle presies net weer met dieselfde minagting teenoor God met die uitdagende teenvraag: “Hoe het ons U te na gekom?” Dit is net na hulle sy liefdesverklaring verwerp het.

Weer eens stel hul hulself teenoor God op as die regters wat eis dat Hy wat hulle nou sien as somer net ’n ongegronde belediging van God, teenoor hulle moet verduidelik. God moet bewys hoekom hy só beledigend is, terwyl hulle sy liefde met minagting verwerp!

Só wys hulle woede teen God se liefde deurgaans in hierdie aanspreek van God. In 2: 17 stel die Here dat hulle Hom moeg maak met wat hulle oor Hom sê. Dit verwys na hulle nuwe geloofsbelydenis: “Ons het tog almal een Vader, ons is tog deur een God geskep!” (2: 10) God het hulle uitgekies en deel van sy verbondsliefde gemaak, en só afgeskei van die goddeloses wie nie deel van sy verbondsliefde is nie. Hierop sê hulle vir God: ons en goddeloses is almal deur u geskep, ons is almal u kinders.

Hulle maak die Here moeg deur sy liefde vir hulle gelyk te stel aan sy haat vir goddeloses om daarder nie van goddeloses afgeskei te word nie. Weer eens reageer hulle met uitdagende minagting: “Waarmee het ons Hom moeg gemaak?”

God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer

Weereens word God in die beskuldigde bank geplaas om volgens hulle hierdie ongegronde bewering van God aan hulle te moet verantwoord!

Wanneer God vir hulle oproep om hulle van hierdie uitdagende minagting te bekeer tot sy liefde vir hulle, daag hulle God weer uit om aan hulle te moet verduidelik hoekom eis Hy nou van hulle bekering: “Waarom moet ons ons bekeer? (3: 6.7) Hulle eis van God ’n verduideliking hoe Hy iets soos bekering tot sy liefde van hulle kan eis? Hy moet sy oproep tot bekering tot sy liefde verduidelik!

Wanneer god dan die minagtende uitdaging op sy liefde aanspreek en hul houding openbaar: “Julle het vermetelde dinge oor My kwytingeraak”, reageer hulle met presies dieselfde minagting: “Wat het ons oor u gesê?” Hiermee eis hulle van God om te verduidelik hoekom Hy nou beweer dat hulle al weer iets verkeers gesê het, want hulle is nie vermetel nie, net eerlik met God oor hulleself.

4. Wie praat só met God, wanneer God jou insluit in sy liefde en aanspreek in die liefde wat Hy vir jou het: Hoe, waarom, wat?”

Hier is die sy kinders in sy verbondsliefde! Hulle het in sy liefde ’n diep woede en afkeur gekry omdat sy liefde vir hulle en sy haat vir goddeloses hulle in die gemeenskap onderskei en afskei van goddeloses.

Hier is Jakob woedend teenoor God omdat Hy Jakob liefhet en Esau haat, want dit is sy broer, deel van dieselfde gesin, dieselfde familie en dieselfde gemeenskap! God openbaar die dipte van hulle minagting teenoor sy liefde daarom in hierdie woorde: “’n Seun eer sy vader en ’n slaaf sy eienaar. As Ek dan Vader is, waar is die eer wat My toekom? En as Ek Here is, waar is die eerbied dan vir My?”(1: 6)

Hiermee stel God dan die werklike probleem aan die orde. Die Here stel aan hulle dat Hy nie in sy liefde vir hulle verander het nie. Inteendeel, dit is sy liefde wat hulle nog die hele tyd in stand hou. (3: 6) Dit is nie God wie se liefde anders geword het dat hulle Hom kan minag dat Hy liefdeloos is nie. Dit is hulle liefde vir God wat hulle wil verander!

5. Hoe wil hulle hul liefde vir God verander?

Hulle doen dit met drie nuwe geloofsbelydenisse!

- Die eerste nuwe geloofsbelydenis oor God het u in 2: 10 gehoor: “Ons het tog almal een Vader, ons is tog deur een God geskep!”
- Die tweede nuwe geloofsbelydenis oor God hoor u in 2: 17 b: “Julle het dit gedoen toe julle gesê het: vir die Here is almal wat verkeerd doen goeie mense, Hy hou van hulle”.

God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer

- Die derde nuwe geloofsbelydenis klink in vraagvorm só: “Waar is die God wat reg moet laat geskied?” wat eintlik ’n stelling is dat God onregverdig is.

Met hierdie nuwe belydenis oor God “ons het almal een Vader, ons aanbid almal dieselfde Skepper”, vat Israel die onderskeid tussen God en afgode weg. God moet almal se Vader wees omdat Hy almal se Skepper en, en elkeen moet God kan aanbid soos hulle wil. Dit is hoe hul liefde vir God verander! Maleagi wys dat hierdie nuwe liefde is niks anders as ontrouheid aan die verbondsliefde van God, waar Hy as Skepper hulle in sy verbondsliefde ingesluit het, en nie die wie afgode aanbid nie: “Waarom is die een dan ontrou aan die ander en ontwy hulle die verbond van God met ons voorvaders?” (2: 10) hulle het hul verbondsliefde vernader na ’n algemene liefde vir alle gode.

Die eerste nuwe belydenis stel God gelyk aan alle ander gode. Die tweede nuwe belydenis is die evangelie wat die onderskeid tussen God se verbondskinders en goddeloses wegvat. Dit is ’n nuwe evangelie. God in sy verbondsliefde gee self die offer vir die sondes van sy kinders sodat Hy hulle nie straf en verwerp nie, maar steeds in sy liefde hou. Op hierdie wyse het God sy kinders lief en haar Hy goddeloses buite sy verbond. Hulle verander nou God se liefde om liefde vir goddeloses te wees met hierdie belydenis: “Vir die Here is almal wat verkeerd doen, goeie mense, Hy hou van hulle.

Dit is nie meer: “God gee self die offer om wat sy kinder verkeerd doen, reg te maak nie”, maar God verklaar mense wat verkeerd doen as goeie mense. God betaal nie meer vir sondes nie, maar verskoon sondes as die verkeerde dade van goeie mense wat nie bedoel om verkeerd te doen nie.

Hierdie nuwe algemene verskoning wat God mak vir almal wat sonde doen, is ingerypend op God se verbondsliefde. God het nie meer sy kinders lief nie, maar hou van alle mense. Nie, “Hy het sy kinders lief” nie, maar “Hy hou van alle mense.” In hierdie gelykstelling verdwyn God se liefde en word dit verander na “om van mense te hou”, nie lief te hê nie.

Hierdie nuwe belydenis is omdat hulle God nie meer wil liefhê nie, maar net van God wil hou. Dit is hoe hulle hul liefde vir God verander.

6. Die implikasies van hierdie nuwe twee geloofsbelydenisse wat die onderskeid tussen God en afgode, God se kinders en goddeloses wegvat, is dat hulle teenoor God ’n nuwe houding inneem: “Waar is die God wat reg moet laat geskied?” In die plek van dank teenoor God wat ons vir sy liefde reg maak en ons liefde vir Hom reg maak, kom die verwyttende beskuldiging teen God dat Hy die oorsaak van al die onreg in die wêreld is.

God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer

Dit is die direkte gevolg van hul nuwe twee geloofsbelydenisse dat God vir almal Vader is en nie haat nie, en dat mense nie regtig iets verkeerds doen nie want alle mense is goeie mense. As dit waar is, dan is alle kwaad in die wêreld God se skuld. Want almal is goeie mense en Hy moet almal se Vader wees. Só! Al die kwaad wat gebeur is dan mos God se skuld omdat Hy nie as goeie Vader vir almal kyk dat reg aan almal geskied nie.

Moordenaars, diewe, hoereerders, gierigaards is mos almal goeie mense waarvan God hou, en wat hulle doen, is nie regtig kwaad bedoel nie. So! Die onreg wat dan mos gebeur is omdat God wie van almal hou, nie reg kan laat geskied aan almal vir wie Hy Vader moet wees nie!

Hulle het hul dankbaarheid dat God hul vir sy verbondsliefde reg maak en reg laat wees, verander na 'n gegriefdheid dat Hy die God van die onreg in die wêreld is!

Hulle liefde vir God het verander! Dit is nie God se liefde vir hulle wat verander het nie.

7. Hoekom het hulle hul liefde vir God verander? Want hulle wil in die gemeenskap 'n nuwe waardestelsel vestig. Dit is waar hulle in hul verantwoording teenoor God eindig! Dit is hoe alle goeie verantwoording moet eindig! Wanneer daar verby al die wanbeelde, beskuldigings en nie-eintlike sake gekom is, kom die die regte rede vir gegriefdheid aan die einde eers gewoonlik openlik aan die orde.

Israel verklaar hulle nuwe lewenswaarde in die gemeenskap kort en kragtig só: "Dit is nutteloos om God te dien." (3: 14) Dit is 'n verklaring teenoor die verbondsliefde van God wat beteken dit is vir hulle nutteloos om 'n God te doen wat sy kinders in die gemeenskap lief het, maar goddeloses buite sy verbondstrou haat. Om God te dien wat 'n onderskeid tussen mense in die gemeenskap bring deur sommige lief te hê en ander te haat, is nutteloos vir die nuwe gemeenskapswaardes waarin hulle wil leef!

Hulle wil in 'n gemeenskap leef waar God van almal hou, almal goeie mense is of hulle nou reg of verkeerd doen, en die onregte in 'n gemeenskap God se skuld is, nie sondaars se skuld is nie.

Hoe is dit nuttig om met só God saam te leef in die gemeenskap? Want met so niksseggende god kan jy met elke mens maak wat jy wil soos jy wil, wanneer jy wil en hoe jy wil, om jou eie belange te bevorder, sonder dat jy gebind is deur die liefde van God wat jou laat leef in die onderskeid van reg en verkeerd.

In so 'n gemeenskap maak elkeen met almal wat hy wil en almal moet glo alles is goed bedoel en almal is goeie mense, en alles wat verkeerd loop is God se skuld wat nie vir almal 'n goeie Vader kan wees nie.

God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer

8. Dit is hierdie sug na 'n nuwe godlose gemeenskapsorde met nuwe godlose gemeenskapswaardes wat maak dat Israel die offers minag, meer hul minagting vir 'n God wat sy kinders liefhet en goddeloses haat, mee wys.

Hulle minagting vir God, wys in hoe hul offers offer vir God in sy tempel bring! hulle bring blinde, gesteelde, lam, siek en verminkte diere vir God as offers! (1: 8, 12 – 14)
Hulle wys met nuttelose diere hul geloof dat dit nutteloos is om God te dien! (3:14)

Ons mag ons nie misgis dat God net beter offerdiere wil hê en dat God dan met beter offerdiere sal te vrede wees nie. Geen offer in die Ou Testament was ooit bedoel as iets wat God nodig het nie. Dit was tekens wat God se kinders nodig het, nie God nie. Met hierdie offer het God hulle gewys dat Hy hulle so lief het dat Hy hulle nie vir hul sondes sal straf en vernietig nie, maar 'n ander offer in hul plek vir hul sondes sal gee. Die offers het hulle juis gewys op God se verbondsliefde teenoor hulle waar hulle nie geoffer of gestraf word nie, maar God wel goddeloses se sondes straf!

Deur verminkte, lam, blinde, gesteelde en siek offers te gee, het hulle hul minagting gewys vir God se verbondsliefde wat hulle nie straf nie, maar goddeloses straf. Het hulle hul minagting vir God gewys omdat Hy onderskei tussen die wat Hy lief het en die wat Hy haat.

Hulle wil 'n God hê wat van almal hou, vir wie niks so verkeerd is nie dat dit gestraf moet word en vir wie alle mense goeie mense is. Hul woede teen God wie lief het en haat wys hulle deur sy offer en altaar te minag!

9. Hoe antwoord God hulle woedeaanval op sy liefde en vertoon van minagting vir hoe Hy lief het?

God bly vir sy kinders trou in sy verbondsliefde! Dit is hoe God Homself openbaar in Maleagi 3: 17: "Hulle sal vir My 'n kosbare besitting wees die dag as Ek ingryp, sê die Here die Almagtige. Ek sal goed wees vir hulle, soos iemand goed is vir sy seun wat vir hom werk."

Paulus neem hierdie beeld en onderskeid op in Galasiërs 4: 6 en 7: "En omdat ons sy kinders is, het God die Gees van sy Seun in ons harte gestuur, en in ons roep Hy uit: "Abba!" Dit beteken Vader! Jy is dus nie meer 'n slaaf nie; jy is nou 'n kind van God. En omdat jy sy kind is, het God jou ook sy erfgenaam gemaak."

God maak deur Christus 'n onderskeid tussen wie sy kinders en wie sy arbeiders is! Christus het homself aan die wet van God onderwerp deur die offer te word wat die skuld van sonde betaal. Só koop Christus met sy offerdood vir God sy kinders los van die straf en oordeel van die wet. Deur Christus neem God die Vader sondaars

God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer

as sy kinders aan en buite Christus laat Hy hulle wie Hy nie aan neem nie, as sy arbeiders buite sy liefde onder die oordeel van die wet leef.

Deur Christus maak die Vader dat sy kinders Hom eer as Vader en as Vader vir en in sy liefde Hom aanroep: “Abba, Vader!” In hierdie liefde is en bly sy kinders verbind tot sy wil as dit wat reg is en dit wat teen sy wil is as dit wat verkeerd is. Maak God in sy liefde Hulle mense wat die verskil ken tussen die wie Hom as Vader een en dien en die wat Hom as Vader minag: God maak in sy liefde sy kinders wat Hom as God ken as Hom deur wie alles is, uit wie alles is en tot wie alles is.

Dit is hoe God in Christus ingryp in ’n gemeenskap en mense aanneem as sy kinders soos Maleagi aankondig: “Hulle sal vir My ’n kosbare besitting wees die dag as Ek ingryp, sê die Here die Almagtige. Ek sal goed wees vir hulle soos iemand goed is vir sy seun wat vir hom werk. Dan sal hulle weer die verskil sien tussen wie goed doen en wie goddeloos is, tussen wie My dien en wie My nie dien nie. (3:17)

Goddeloses maak God en afgode, kinders van God en goddeloses gelyk aan mekaar met ’n algemene god wat van almal hou – sodat hulle as mens in hierdie posisie kan staan teenoor God: uit my as mens, deur my as mens en tot my as mens is alle dinge. Alles is daar tot my nut, niks en reg of verkeerd nie!

10. Dink u dat God gaan ophou om Jakob lief te hê en Esau te haat? Dink u dat God Homself gaan verander omdat mense hulle liefde vir Hom wil verander, dat Hy van Homself ’n god gaan maak wat van almal hou en niemand meer lief het of haat nie?

Dink u u kan Christus só verander? Van Hom wat onder die wet die offer is wat vir sondaars die losprys is sodat God die Vader hulle in die liefde van sy Seun aanneem, na ’n Christus wat nie meer die offer vir sondes is nie? Dink u God gaan Homself verander omdat mense Hom minag vir wie Hy is om ’n nuttelose God te wees soos hulle Hom nutteloos wil hê?

God verander nie omdat mense Hom minag nie. Al wat gebeur is dat mense hul self van sy liefde vervreem en sy liefde verwerp om goddeloos te wees en in hul goddelose waan te glo hulle skep vir hulself ’n wêreld waarin God nutteloos is en hulle alles is – en God moet Hom skik volgens hulle magsgreep op sy wêreld en sy kerk!

11. Dit is ook wat vandag besig is om in die NG Kerk, soos in ander kerke wêreldwyd te gebeur! Mense wil nie meer in die godlose, sekulêre gemeenskap ’n onderskeid sien tussen wat vir God reg en vir God verkeerd is nie. Alles moet nuttig vir mense wees soos hulle wil, wanneer hulle wil, hoe hulle wil en met wie hulle wil.

Daarom mag daar ook nie ’n God wees wie sy kinders lief het in die gemeenskap en goddeloses in die gemeenskap haat nie. Die god van die gemeenskap is ’n nuttelose

God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer

god wat van alles en almal hou, vir wie sonde nie meer sonde is en gehoorsaamheid nie meer gehoorsaamheid is nie, omdat alle mense vir Hom goeie mense is. Dit is die God van die moderne Humanisme. Die geestelikes van hierdie wêreld wil in die kerk hierdie god as god van die kerk vestig sodat hulle nie deur God se liefde in hierdie gemeenskap kan sien wat reg en verkeerd is nie.

Daarom is hul woede en minagting teen die altaar! Hulle wys hul minagting vir God se offer deur Christus te minag as die Here wie mens geword het om die offer onder die wet te wees om ons vir God se liefde los te koop. Christus is nou net god se liefde vir alles en almal, maar nie meer die offer van God se liefde vir sy kinders nie.

12. Ons kan en mag ons self nie uitlewer aan hierdie minagting van God ons Vader nie, net omdat goddeloses vir ons kwaad is dat God ons lief het nie!

Moet ons hulle woede vrees, vir hulle waardes skik en ons liefde vir God verander met die geloof dat God Homself gaan verander wanneer ons ons liefde vir Hom verander?

Of moet eerbied hê vir Hom wat ons gekies en aangeneem het om sy kinders te wees, vir ons goed te wees soos 'n vader wie sy seun vir Hom werk en ons deur sy liefde die duidelike helder onderskeidende kennis te gee tussen goed en kwaad, reg en verkeerd en wie God se kinders is en wie goddeloos is?

Want God gaan nie verander nie! Hy gaan sy kinders lief hê en Hy gaan goddeloses haat!

Onder wie se haat wil u leef? God se haat vir goddeloses wat Hom minag as 'n nuttelose god wat eintlik die oorsaak van alle ongeregtigheid in die wêreld is of goddeloses se haat vir God se geliefde kinders?

In wie se liefde wil u leef? In God se liefde wat vir u altyd goed sal wees, altyd self die offer vir u sondes is en u in sy liefde lei, bewaar, beskerm en onderhou, of wil u in die liefde leef van 'n goddelose gemeenskap, wat mekaar gebruik vir wat hulle wil, soos hulle wil, wanneer hulle wil, en jy moet altyd glo hulle is goeie mense en God verontreg jou?

Kom ons hoor die oproep van die Here deur Maleagi: Kom ons bekeer ons van hierdie algemene god wat sondes goedkeur as die liefde van goeie mense omdat hy van alles en almal hou. Kom ons keer ons weer in die liefde van God, met die eerbied vir sy liefde, waardeur Hy vir ons die offer vir ons sonde is, sodat ons weer kan onderskeid tussen sonde en liefde, diens aan God en die minagting vir God!

Want ons is sy geliefde kinders! Hoe kan ons vir Hom kwaad wees omdat Hy ons van die goddeloses van hierdie wêreld afskei vir sy liefde! Kom ons aanvaar hulle

God se goedheid laat ons Hom as Vader vereer

haat en God se liefde vir ons en leef met die onderskeiding in ons eie gemoed van wat sonde en wat diens aan God is. Kom ons gaan dien God in hierdie goddelose gemeenskap in Suid Afrika!